TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
NPO 001-597 PBO 130001311
Posbus 13383 Hatfield 0028, Tel: 012- 320 7644 toibo@nhk.co.za

Nuusbrief

Geagte dominee

Mag 2017 vir u 'n baie besondere jaar wees.

Ek wil afskop deur te spog met ons 2016 matrikulante. Kinders wat baie hard moet werk om sukses te behaal, maar jaarliks wys wat hulle kan vermag met harde werk en deursettingsvermoë.

Sonitusskool behaal 100% slaagsyfer en spog met Sandra Koster wat die 2de beste presteerder in Gauteng is met 76% en drie onderskeidings. Transoranje-skool het 'n 100% slaagsyfer vir die 16de en Prinshofskool vir die 21ste agtereenvolgende jaar. Martie du Plessis Skool spog met 'n 100% slaagsyfer en drie leerders ontvang beurse vir verdere studie. Transvalia-skool se toppresteerder is Reihann Ludeke met 75%.

Sandra Koster

NB!

DIE KANTOOR SKUIF

Die Instituutkantoor was vir die afgelope 15 jaar gehuisves in die gebou van die NHKA Kerkkantoor. Die gebou is aan die begin van die jaar verkoop. Die GK Gemeente Pta-Brooklyn het kantoorspasie aan die Instituut beskikbaar gestel wat gedurende Februarie betrek sal word.

13 Maart 2017 – 70ste bestaansjaar vieringe!

Ek herinner u net weer aan die:

BUITENGEWONE VERSOEK

*Om die **70ste** bestaansjaar nog meer spesiaal te maak, wil ons vra of u dit nie sal oorweeg om op **Sondag 12 Maart 2017** hierdie mylpaal saam met ons te vier nie? Inligting wat u kan gebruik sal gedurende Januarie 2017 aan u voorsien word.*

Plaas op Kalender → **Ontvang inligting Januarie 2017** → **Erediens 12 Maart 2017** → **Spesiale kollekte**

Dankie dat u hierdie spesiale geleentheid saam met ons sal vier!

Vriendelike Instituutgroete

ARINA JOOSTE (MEV)
UITVOERENDE BEAMPTE

DR PH (PIETER) HEYSTEK
VOORSITTER

Voetspore van HOOP

Bankbesodnerhede:
Transoranje Instituut ABSA
Reknr: 020 840 145 Takkode: 632 005